Skyfie 1

’n Nuwe Era:
Fasiliteite & Mobiliteit vir ’n 21ste Eeuse Universiteit

*A New Era:*
*Facilities & Mobility*
*for a 21st Century University*

Voorlegging aan personeel deur
prof H Russel Botman, rektor en visekanselier

Endler, 2012/02/27

Skyfie 2

**ONS STELLENBOSCH: UNIEKE UNIVERSITEITSDORP**

- Ek is in 2007 ingehuldig as rektor ...
- ... met die mandaat om toe te sien dat ons die uitdagings van 21ste eeu die hoof bied –
  - as ’n universiteit;
  - in en saam met hierdie historiese ou dorp van ons.
- Vir die UNIVERSITEIT beteken ons ooreenkoms:
  - dat ons die US se uitnemendheid moet handhaaf,
  - namate ons groter relevansie nastreef.
  - *In other words, to move “from success to significance”.*
- en vir die DORP beteken ons ooreenkoms:
  - dat ons die groot behoefte aan ontwikkeling raaksien; en
  - dat ons óns deel vir volhoubaarheid wil doen.
  - *Stellenbosch is, after all, our “first laboratory”.*

Skyfie 3

Om dit te kan doen, moet ons ’n aantal uitdagings trotseer:

- ... waarvan die vernaamste ons **ONGEKENDE GROEI** is.
- Kyk op hierdie skyfie hoe skerp styg ons studentegetalle:
  - van 20 000 met die eeuwending, tot 28 000 tien jaar later.
- *That has put enormous pressure on our facilities, which are already overflowing*.
- Boonop kan die kampus en dorp gewoon nie die toename in voertuie hanteer nie.

Skyfie 4

**‘VOL’ / ‘FULL’**

- 82% van personeellede en 43% van studente gebruik hul eie motors.
- As elkeen ’n parkeerplek moet kry, is daar ’n tekort van 7 200 parkeerplekke.
- Dit kos die Universiteit R25 000 om een parkeerplek te voorsien ...
- dus sal R180 miljoen hiervoor benodig word, wat net onbekostigbaar is.
- *In any case, the more vehicles, the larger our carbon footprint*
- *... which is what we want to avoid, for the sake of Planet Earth.*

Skyfie 5

- Soos julle weet, het daar wêreldwyd 'n **KOPSKUIF** plaasgevind ... *a* ***MIND SHIFT***
- Die mensdom besef nou:
    - ons natuurlike hulpbronne is beperk …
    - en ons kan nie meer ons **PLANEET** so besoedel nie.
- *What we have done as a university is to commit ourselves to the promotion of a sustainable environment, as captured in Theme 5 of the HOPE Project.*
- Dit beteken ons het 'n keuse gemaak ...
- ... 'n keuse vir **vernuwing** ...
  ter wille van **volhoubaarheid**.
- So, ons het studies gedoen oor wat ons kan doen om die Universiteit meer volhoubaar te maak, en hieruit het 'n Kampusmeesterplan voortgevloei.
- *Our Campus Master Plan includes both Facilities and Mobility, because these two aspects are interlinked.*

Skyfie 6

- Die Kampusmeesterplan kan in een woord opgesom word:
  om van die US 'n **WOONERF** te maak.
- *Now, what does one do in your* ***HOME SPACE***?
  Hoe maak jy op jou **WOONERF**?
    - Jy rig hom in om aan jou behoeftes te voldoen.
    - Dis 'n plek waar jy veilig wil voel
      – so jy ry nie sommer oral rond met motors rond nie;
      jy parkeer uit die pad uit.
    - *And you take care of your home space*
      *– you make it green and sustainable.*
- Dis wat ons wil bereik.
- Op hierdie skyfie sien julle die hart van ons beoogde woonerf.
- Die virtuele hoof-as loop van die beplande **nuwe ingang** in Crozierstraat deur na die Jan Marais-park
- En, dwarsoor die kampus loop daar 'n virtuele korridor deur,
  van Botmashoogte aan Lentelus se kant, deur na die Sportkampus aan die ander kant.

Skyfie 7

- Nou, hoe beweeg jy rond op jou woonerf?
  Jy kan:
    - Stap; of
    - Fietsry; of
    - met 'n Pendelbussie ry; of
    - van 'n Saamryklub gebruik maak; of
    - Openbare Vervoer gebruik.

Skyfie 8

    - As jy **Stap** – doen jy dit in die kern, tot by die periferie, net 1km verder, en dan in die res van die dorp

Skyfie 9

- *The same goes for **Cycling** – you do it in the core, to the periphery and beyond, in town.*

Skyfie 10

- Die **Pendelbussies** is vir tussen die periferie, waar jy parkeer, en die kern, waar jy werk of klasdraf.

Skyfie 11

- ***Lift Clubs** are for getting to campus from out-of-town areas …*
  *and again, you park on the periphery and hop onto a shuttle to the core*; en

Skyfie 12

- Dan is daar **Openbare Vervoer** – in die dorp ...

Skyfie 13

- ... en **Openbare Vervoer** in omliggende gebiede.

- Kom ons kyk nou beurtelings na elk van hierdie aspekte.

Skyfie 14

- Soos reeds genoem, doen ons by die munisipaliteit aansoek om die kampus amptelik tot woonerf verklaar te kry ...
- ... en op jou erf **STAP** jy gewoonlik.
- *We want to make the campus safer for pedestrians.*
- *Pedestrians will have right of way …*
- *No heavy vehicles will be allowed*
- *And the speed limit for motor vehicles will be 35km an hour*
- Nou, daar kom tye wat jy verder, vinniger wil beweeg
- En daarvoor is fietsry ideaal.

Skyfie 15

- Ek kan met trots aankondig dat Stellenbosch die eerste universiteit is wat die **FIETS**wiele vir volhoubaarheid laat rol.
- *They've been doing it for a long time in Amsterdam*
  *They have started doing it in London,*
  *... and now we will be doing it in Stellenbosch!*
- Van 15 Maart af kan jy 'n Matie-fiets huur ...
  **EN DIS HOE HY LYK. *[FIETS WORD OP VERHOOG GESTOOT]***
- Die deposito is R1 000,
  maar as jy mooi na jou ryding kyk, kry jy R600 terug aan die einde van die jaar.

Skyfie 16

- Spesiale loodse word opgerig waar jy jou **FIETS** veilig kan parkeer.
- Daar is reeds 'n fietsloods agter die Neelsie ...
  – gaan kyk gerus, dis vir alle fietse -- nie net Matie-fietse nie.
- So ook die USBD se registrasieskema – dis vir alle fietse, nie net hierdie bloues nie.
- *In the interest of safety, we also intend building cycle lanes, starting in Victoria Street.*

Skyfie 17

- *Now, as I have said, we want to get most motorcars out of the central zone.*
- *Those people who come in with their cars, will park in dedicated parking areas on the periphery.*
- *These safe parking areas are already in place – one at Coetzenburg and one at Lentelus.*
- Van daar af kry jy dan 'n **PENDELBUSSIE** wat jou kampus toe vat.
- En as jy weer by jou motor wil kom, vang jy net die bussie terug parkeerarea toe.

Skyfie 18

- Daar is tans 'n **loodsprojek** op twee roetes:
  - Van Coetzenburg af na die Konservatorium
  - En van Lentelus af na Joubertstraat.

Skyfie 19

- Die bussies loop op die oomblik van half-agt soggens ...
  tot vyfuur smiddae ...
- Maar die projek is baie buigsaam.
- Die doel is juis om te bepaal watter behoeftes daar is – so vul die vraelys in wanneer jy inklim om te sê wanneer die bussie vir jou moet loop.
- *You can hop on for free during the pilot phase.*
- *But once the service is fully operational, all staff and students will pay R45*
  *– possibly from later this year.*

Skyfie 20

- Nog 'n opsie wat baie sin maak, is saamryklubs
- *Many of our people already share a lift to campus*
- Maar die probleem is dat dit nogal moeilik is om op kort kennisgewing iemand op te spoor saam met wie jy kan ry.
- *That's why we will be launching a webpage to link you up with people going in your direction.*
- *So your lift will be just a click away.*

Skyfie 21

- Nog 'n belangrike opsie is **OPENBARE VERVOER**
- Ons gesels tans met die munisipaliteit en met taxi-verenigings oor 'n gesamentlike strategie.
- Wat ons soek, is 'n doeltreffende vervoerstelsel ...
  ... wat jou kampus toe kan bring
  – waar jy ook al in Stellenbosch bly

Skyfie 22

- *But we also want to ensure that wherever you live ...*
  *in surrounding towns and areas,*
  *that there will be PUBLIC TRANSPORT available to get to campus ...*
- Ons sal met privaatverskaffers saamwerk,
  maar indien nodig ook ons eie vervoer aanlê.
- *So, now that we have covered various modes of transport,*
  *let's return to the parking situation.*

Skyfie 23

- Julle sal weet – dit raak al hoe moeiliker om **PARKERING** op kampus te kry
- *To relieve the pressure, we are encouraging everyone to use public transport or lift clubs to get to campus.*
- As jy jou motor gebruik, sal dit die beste wees om by Coetzenburg of Lentelus te parkeer, en 'n pendelbussie te vang.
- Daar is te veel motors wat parkeer waar hulle nie mag nie – waaroor ons gaan baie strenger gaan raak.
- *With resources become ever scarcer, the best approach to follow is that users should pay full cost for the parking they use*
- Dit beteken nie meer 'n parkeerheffing van R180 per jaar nie, maar die volle bedrag wat 'n parkeerplek die Universiteit kos.

Skyfie 24

- Vir **2012** is die nuwe parkeergeld R528 per jaar.
- Nou, om dit meer hanteerbaar te maak, gaan ons dit stuk-stuk verhaal.
- Personeel gaan R44 per maand betaal ...
- En studente R264 per semester.
- *Because the University is charging cost price, the new rates are still reasonable, compared, for instance, to the Municipality's rate of R300 per month or more.*

Skyfie 25

- Vanjaar betaal almal wat vir parkering geregistreer is dieselfde basiese tarief
- *But from **2013** there will be differentiated rates*
- Die goedkoopste parkering sal aan die buitewyke wys – by Coetzenburg en Lentelus
- En die duurste in die kern op die woonerf
- *The exact amounts will be communicated closer to the time.*

Skyfie 26

- Dames en here, ek weet dis 'n groot sprong
- Maar ek doen 'n beroep op julle ...
  kom ons doen ons deel vir ons dorp, ons land, ons planeet.
- Vrydag skop die US Woordfees af, met die tema "Groen".
- *Going green has become the clarion call of our age*
- *The good thing is that we can all do something to help save our planet*

- Maties het nog altyd die pas aangegee
- Kom ons stel nou weer 'n voorbeeld
- En dit begin alles met 'n **KOPSKUIF** ... *a **MIND SHIFT***
  – dis tyd om anders te dink ...
  en anders te doen.

Skyfie 27

- *In conclusion, an announcement*
- *On **15 March** we will have a sustainability day on campus, with lots of activities in the Neelsie and elsewhere.*

Skyfie 28

- Die tema vir die dag is "GaanGroen vir die GroenGenerasie" ... *"GoGreen for the GreenGeneration"*
- *I hope to see all of you at the Cycling Challenge late afternoon...*
  *when the MATIE Bike initiative will be officially launched*
- Daar gaan 'n fietsry-aflos wees, wat na groot pret klink
- So kry solank julle spanne reg
- Sien julle daar!

Skyfie 29

- Baie dankie. *Thank you very much*.
- *There will now be an opportunity for questions*. Die mense wat regstreeks met kampusvolhoubaarheid werk, is ook hier om jul vrae te help beantwoord.